

## Hemelvaart | Ds. Why Duvenhage

Donderdag 21 Mei 2020

Goeiedag en baie welkom by hierdie besondere dag op ons kerklike kalender. Dit is Hemelvaartdag, 'n belangrike fees op die kerkkalender van alle eeue. In ons Christelike tradisie verwys ons ook daarna as een van die groot heilsgebeure. Dit is ook betekenisvol dat dit die eerste keer is dat ons in grendeltyd, die Hemelvaart van Jesus gedenk.

Dit is baie interessant om te sien hoe wetenskaplikes, navorsers en medici op hierdie stadium dag en nag werk om 'n kuur of entstof teen die Koronavirus te ontwikkel. 'n Inenting wat miljoene mense se lewens moet red, siekes moet genees en die pandemie moet beeindig.

Tot dusver is daar geen sukses nie, ongeag die nuutste navorsingsmateriaal en toerusting. Miskien is 'n vergelyking vandag, waar ons nadink oor die Hemelvaart van Jesus, 'n bietjie geforseer maar kom ons verbeel ons die volgende: 'n slim dokter in 'n sekere land ontdek uiteindelik die entstof! Dit werk, dis net die regte ding, miljoene lewens kan nou gered word. Hy gee omtrent sy hele lewe in terme van sy tyd, geld, en energie om dit te ontwikkel. En dan as hy dit gedoen het, en dit werk en dis 'n sukses en almal is opgewonde daarvoor, vertrek hy en gaan hy skielik weg. Hy laat die uitvinding in die hande van mediese en gesondheidswerkers om dit te verpak en te versprei. Hulle doen dit, en uiteindelik deur hulle ywer en hulle geloof in die entstof, word dit deur die hele wêreld versprei om miljoene lewens te red.

Miskien 'n goeie beeld/vergelijking as ons dink aan die betekenis van Hemelvaart. Jesus die seun van God, wat begin met sy werk op aarde, en wat uiteindelik aan die kruis op Golgota die volledige entstof teen 'n sondige pandemie ontwikkel. Hy het dit gedoen, Hy het die produk ontwikkel, en toe ook Sy navolgers, Sy dissipel-studente opgelei in die gebruik van hierdie teenmiddel, en toe vertrek Hy! Toe vaar Hy op na die hemel toe, en laat dit in hulle hande om dit wêreldwyd te versprei, om die wêreldwye sonde-pandemie en ellende te help bestry.

Vriende, noudat die kerke se deure gesluit is, en die kerk hoofsaaklik na die strate toe gegaan het, sien ons interessant genoeg baie nuwe definisies en funksies van die kerk wat voorgestel word. Sommige van hierdie voorstelle en opmerkings is nogal baie skerp en amper half krities.

Baie meen dat daar deur die Covid-19-pandemie, 'n groot stuk bevryding vir die kerk plaasgevind het. Dat die kerk kan ontsnap en ontperk word van 'n eeue-lange “lockdown” tussen vier mure, waarbinne sy haarself geïsoleer het. Ander sê weer dat die kerk se oë uiteindelik regtig oopgegaan het om te ontdek waarvoor sy eintlik werklik hier op aarde is. Dat die kerk op straat, relevant in die vesels van die samelewing, baie meer is hoe Jesus dit sou gedoen het, as Hy vandag steeds hier was.

So het ons vandag by Hemelvaart uitgekom. Die eerste Hemelvaart in grendeltyd! Daarom is dit nodig om vanuit die oë van die huidige pandemie na die belangrike betekenis van Hemelvaart te kyk en hoe dit ons spesifiek ook in hierdie tyd raak. Dit terwyl ons die vergelyking met die ontdekking van die lewensreddende Covid-19-entstof, waarmee ek begin het, in gedagte hou.

Ons het almal grootgeword met die prentjie van Hemelvaart. Die byna dramatiese gebeure van hoe Jesus die aarde verlaat in 'n wolk en hoe sy dissipels verdwaas agterna kyk. Dit was veel meer as net 'n prentjie, dit het deel geword van ons hele Christelike tradisie en is selfs vervat in verskillende geloofsbelydenisse, waar ons bely ons glo in Christus Jesus, wat opgevaar het na die hemel en wat sit aan die Regterhand van God.

Ons wil vandag aan die gebeure dink, maar ook hoe dit ons in vandag se tyd raak. Ons lees saam uit Efes 4:7-13.

***“<sup>7</sup>Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. <sup>8</sup>Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”<sup>9</sup>Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. <sup>10</sup>Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. <sup>11</sup>En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. <sup>12</sup>Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. <sup>13</sup>So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak envolwasse soos Christus.”***

As Paulus in vers 7-9 sê: “Hy het opgevaar”, haal hy aan uit Psalm 68. Dan impliseer hy eerstens dat Jesus neergedaal het na die aarde toe, moontlik verwysende na die laer dele van die doderyk, of anders gewoon net na die aarde toe. Dit beteken in elk geval dat Hy hom kom assosieer het met ’n wêreld van ellende en gebrokenheid. Woorde soos solidariteit met ’n pandemiese wêreld, sy identifisering daarmee, maar ook die voorsiening van ’n oplossing, die reddened entstof, die teenmiddel, vir ’n sterwende wêreld. Dit sê dus dat Jesus geinkarneer het in ons wêreld, vlees geword het, mens geword het, soos wat ons is! Om self die diepste vorme van mense se ellende en lyding en dood eerstehands te kom ervaar. En toe Hy opgestaan het, het Hy begin om die prototipe van sy kerk, sy dissipels, sy studente toe te rus en op te lei om die stokkie by Hom oor te neem wanneer Hy hul fisies gaan verlaat deur Sy Hemelvaart.

Toe hulle Hom sien verdwyn op ’n wolk het hulle geweet, die bal is nou in hulle baan. Die stokkie is oorgegee, dis nou hulle beurt! ’n Groot en byna onmoontlike taak vir hierdie klompie eenvoudige dissipels. Hulle het Hom vir ’n aantal jare goed leer ken. Hy het hulle geleer, hulle onderrig. Hy het vir hulle uitgespel wat die koninkryk van God eintlik alles behels. Nou moet hulle hierdie Jesus-storie voorsit. Die koninkryk wat Hy kom bekendstel het, moet hulle nou verder uitrol in dieselfde gebroke, pandemiese wêreld waarvoor Jesus gekom het en sy lewe gegee het!

Inderdaad, ’n groot taak, maar hulle het genoeg ontvang om hierdie God-gegewe taak uit te voer. Hulle het die herinneringe aan Jesus en dit wat hulle by Hom geleer het. Hulle het nuwe insig oor sy besondere en anderste soort koninkryk en hoe dit werk, hoe dit anders is as enige ander koninkryk. Hulle neem ook saam met hulle beloftes, die belofte wat Hy aan hulle gemaak het dat Hy met hulle sal wees tot die einde toe. Die belofte van die Heilige Gees wat hulle sal toerus met krag, deursettingsvermoe, braafheid en wysheid om die taak uit te voer. Dan ook die belofte oor die uitkoms van alles, naamlik dat Hy uiteindelik ook weer so sal terugkeer soos Hy na die hemel opgevaar het.

Jesus vertrek, maar dis nie die slotparagraaf van die Jesus-verhaal nie. Dis ’n transissie tot ’n nuwe era, ’n nuwe normaal. . . die era van sy Kerk en sy volgelingen wat dit hier op aarde moet voorsit! Wat dit wat Hy bewerk het, moet gaan implementeer en uitrol. Wat Sy boodskap vorentoe moet vat, Sy hart, Sy hande, in ’n broos wêreld moet gaan wees. Wat die Jesus-entstof moet versprei.

Jesus ag hulle, en daarmee ook vir ons as sy moderne disippels, sy eie tydse kerk, baie hoog! Trouens Hy omskryf hulle as sy gawes in Efes 4:8 en 11. Gawes is in hierdie verband nie geestelike gawes nie soos o.a. om in tale te praat nie, maar dis geskenke, gawes in die vorm van dienende mense. Dit is as't ware sy afskeidsgeskenke by sy Hemelvaart. Dis gawes vir sy kerk, waaroor dit in die eerste plek hier gaan. Maar dis ook hierdie geskenke, hierdie mense-gawes, vir die wêreld wat Hy steeds so lief het en wat steeds so gebroke en broos en pandemies is.

By sy Hemelvaart transendeer Jesus na 'n ander vlak van bediening waar Hy bedien vanaf die regterhand van God, waar Hy besig is om vir ons plek voor te berei. Daar waar Hy intree vir ons en regeer as hoof van sy kerk.

Maar deur sy hemelvaart ontvang sy geroepe volgelinge van alle tye, ook hulle taak/bediening: Hulle word vir nou sy geskenke waardeur Hy steeds hierdie wêreld, waarvoor Hy so lief is wil bedien. Paulus noem 'n paar van hierdie gawes: Apostels, profete, herders, evangeliste, leraars. Maar dis nie bedoel as posisies, hieragiese ampte en kerklike magstrukture nie!, Dit gaan oor seëninge, dit gaan oor bedieninge namens Jesus, intervensies in 'n stukkende wêreld. Sy geskenke aan die kerk en aan die wêreld, is hulle wat dien deur die boodskap van die evangelie steeds te verkondig. Hulle wat bereid is om as gestuurders uit te gaan in 'n wêreld wat vasgevang is in 'n sonde-pandemie. Hulle wat bereid is om met die hart van Christus te gee! Om as herders ander in nood te versorg. Om in te tree vir hulle, vir hulle te bid, hulle te dien en om vir hulle te gee. Agente van hoop! Dit is sy afskeidsgeskenke by sy Hemelvaart.

Vriende in 'n tyd soos wat ons nou beleef, definieer sulke aksies en diensbaarheid vir mense in nood ons werklike kerkwees. Om al meer los te kom van onself, ons eie strukture en kerklike rompslomp, om só regtig Jesus se geskenke in 'n wêreld van nood te wees.

Selflose diens, om op te offer ter wille van ander mense, is wat ons moet definieer as kerk. Dis hoe die Jesus-inenting versprei word!

Vriende, die Hemelvaart is 'n transissie-tyd. Stokkie-oorgee-tyd. Die Goeie-Nuus-inenting is deur Jesus ontwikkel. Dit moet nou die wêreld bereik! Die wêreld is seer en broos en siek!

Soos min tye van tevore in die geskiedenis, raak ons ook nou die sigbare gestalte van Jesus se geskenke in 'n brose, stukkende wêreld. Ons, sy geskenke van liefde, omgee en hoop.

Moet asb. nie dat hierdie tyd verbygaan sonder dat ons geleer het wat God se taak vir ons in hierdie wêreld is nie. Mag dit nooit weer so wees dat ons vasgevang raak in ons eie tye, kerklike belange en sake, terwyl die wêreld rondom ons vergaan in nood nie. Die van ons wat dit self ervaar, dalk die nood aan ons eie lyf voel, word ook weer daardeur vertroos dat die hemelvaart ook vir ons kom herinner: Hy bedien ons steeds vanaf die regterhand van sy Vader, Hy bid vir ons! Hy berei vir ons plek voor, en bowenal: Hy is steeds in beheer! Hy lei vir ons, Hy sorg vir ons, Hy is ons toekoms.

Baie geseënde Hemelvaart.

Kom ons sluit af met die mooi Hemelvaart-gebed van Teresa van Avila:

Here, sedert U hemelvaart is ons U liggaam op aarde.

Ons hande is nou die enigste hande waarmee U U werk wil doen.

Ons voete is nou die enigste voete waarmee U in hierdie wêreld wil rondgaan.

Ons oë is die enigste oë waarin mense nou U deernis en ontferming kan sien uitstraal na hierdie hartseer wêreld.

Here, óns is nou U liggaam hier op aarde!

Amen

(Gebed van Teresa van Avila)